119/93

LL

Saak No 160/1992

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

CHRISTOFFEL JACOBUS DEYSEL — Appellant

teen

GIDEON JACOBUS KARSTEN — Respondent

CORAM: VAN HEERDEN, HEFER, KUMLEBEN, EKSTEEN en VAN DEN HEEVER, ARR

VERHOORDATUM: 31 AUGUSTUS 1993

LEWERINGSDATUM: 14 SEPTEMBER 1993

---

UITSPRAAK

---

VAN HEERDEN AR:

Gedurende Februarie 1988 was die respondent, sy vrou, hul negejarige dogter en hul tweejarige seuntjie woonagtig in 'n huis ("no 8") in Cypressstraat, Cradock. Skuins oorkant die straat was die woonhuis ("no 7") van 'n Van Zylfamilie. Die middag van 2 Februarie 1980 het die appellant se minderjarige seun, Lotie, sy motorfiets in Cypressstraat bestuur. 'n Jong hondjie ("die bulhond") wat op die grasperk van no 7 was, het tot op die sypaadjie gekom en toe skuins oor die straat gehardloop. Hy het direk voor die motorfiets inbeweeg en is deur die voorwiel daarvan getref. As gevolg daarvan het Lotie geval en vrywel ernstige beserings opgedoen.

Die bulhond was die eiendom van die respondent en dit is in die reël ingeperk gehou in die agterplaas van no 8. Daaruit kon dit op slegs twee wyses tot in Cypressstraat kom. Die eerste was

deur by die agterdeur in en by die voordeur uit te beweeg. Dan moes egter nie net daardie twee deure oop gewees het nie, maar ook 'n sekuriteitshek voor die agterdeur. Tweedens kon die hond tussen die muur van die motorhuis ("die eerste muur") en 'n verlenging van 'n muur van die huis ("die tweede muur") na die voortuin beweeg indien 'n hek wat bestem was om daardie spasie te versper nie kon toemaak nie of nie toegemaak was nie.

Tydens die botsing was die respondent se vrou ("mev Karsten") en haar twee kinders in die huis van no 7. Hulle het redelik kort vantevore vanaf no 8 daarheen gegaan en indien die bulhond toe in no 8 se agterplaas was, het dit op een of ander wyse uit die agterplaas ontsnap en hulle na no 7 gevolg.

Voortspruitende uit die voorval het die appellant in sy persoonlike hoedanigheid, asook in sy hoedanigheid as Lotie se voog, 'n aksie vir skade-

vergoeding in die Oos-Kaapse Afdeling teen die respondent ingestel. Voor die verhoor is die omvang van die skade wat die appellant en Lotie gely het by ooreenkoms bepaal. Gevolglik moes die verhoorhof slegs besleg of nalatigheid aan die kant van die respondent 'n oorsaak van daardie skade was, en of Lotie bydraend nalatig was. Die tweede geskilpunt is in die guns van die appellant en die eerste in die respondent se guns besleg. Slegs laasgenoemde is tans nog ter sake.

Die appellant het met die verlof van die verhoorhof (Jones R) na 'n volle hof van die Oos-Kaapse Afdeling geappelleer teen die bevel van absolusie van die instansie wat verleen was. Soos sal blyk, het die volle hof op 'n ander grondslag as Jones R bevind dat die respondent nie aanspreeklik was nie. Met die nodige verlof kom die appellant nou in hoër beroep na hierdie hof.

Die respondent en sy vrou het getuig dat die hek na die agterplaas van no 8 toegemaak kon word. Teen die eerste muur was 'n houtpaal en daarlangs 'n ysterpaal. Die hek was vas teen die tweede muur en wanneer dit oopgemaak was, het dit weg van die eerste muur in die rigting van die voortuin geskarnier. In die houtpaal was 'n spyker wat in 'n L-vorm gebuig was, terwyl daar 'n ring aan die hek was. Om die hek toe te maak, hoef 'n mens slegs die ring oor die regop gedeelte van die spyker te laat sak het. Die bulhond kon dan nie die toe hek oopstamp en kon ook nie deur die draadwerk daarvan beweeg nie.

Die respondent en sy vrou het egter volgens hul getuienis nog 'n verdere voorsorg getref sodat die hek sou toebly. Mev Karsten het blykbaar op 'n geleentheid gesien dat haar seuntjie wat in die agterplaas was na die ring van die hek getas het. Sy

was toe bekommerd dat hy die ring sou kon oplig, die hek sou kon oopkry en deur die hekopening sou kon beweeg. Sy het die probleem met die respondent bespreek en van toe af het sy van 'n stuk dik elektriese koord gebruik gemaak. Sy het naamlik die hek met die koord om die ysterpaal vasgebind deur dit twee keer te knoop.

'n Bediende wat by 'n buurhuis werksaam was, het toestemming van die respondent en sy vrou gehad om 'n buitetoilet in die agterplaas van no 8 te gebruik. Ten einde dit te doen, moes sy die hek oopmaak. Mev Karsten sê dat sy haar gemaan het om altyd die hek weer toe te maak en ook gewys het hoe om die hek aan die ysterpaal vas te knoop. Op geen geleentheid het mev Karsten gevind dat die bediende die hek oopgelaat het of nie vasgebind het nie.

Mev Karsten getuig voorts dat sy die middag van 2 Februarie 1988 wasgoed vanaf 'n draad in die

agterplaas afgehaal het. Sy het na die hek gekyk en gesien dat dit toe en met die koord vasgebind was. Op daardie stadium was die bulhond en hul ander hond, 'n terriër, in die agterplaas. Kort hierna is sy saam met haar twee kinders na no 7. (Die botsing het plaasgevind terwyl sy daar was, maar dit is nie duidelik of sy toe daarvan bewus was nie.) Nadat die appellant by no 7 opgedaag het en haar beskuldig het dat sy vir die botsing verantwoordelik was, het sy na haar huis teruggekeer en die honde in die agterplaas aangetref. Die hek was toe.

Die bulhond was ten tye van die botsing nog 'n lafbek van nie drie maande oud nie en was volgens die respondent en sy vrou lomp op sy pote. Albei sê ook dat hy nie vinnig kon hardloop nie, maar dit blyk dat hierdie bewering berus op 'n afleiding eerder as op waarneming. Die dag na die voorval het die respondent 'n brief geskryf aan die Suid-Afrikaanse

Vervoerdienste, by wie hy toe in diens was en wat die eienaar van no 8 was. Dit lui soos volg:

> "Hiermee doen ek vriendelik aansoek vir die herstel aan my tuinhekke asook hekke langsaan die huis. Die hekke kan nie toemaak nie en hou 'n gevaar in vir my kinders wat minderjarig is.
> Ek sal dit hoog op prys stel as u my saak sal oorweeg."

Die respondent het verduidelik dat hy verkeerdelik te kenne gegee het dat hekke langs die huis nie kon toemaak nie. Daar was inderdaad slegs een hek langs die huis - die een waarna hierbo verwys is - aangesien hy 'n hek aan die ander kant van die huis as't ware toegespan het sodat dit glad nie kon skarnier nie en dus permanent toe was.

Die verhoorhof het bevind dat 'n redelike persoon in die plek van die respondent sou voorsien het dat die bulhond, indien nie ingeperk nie, oor of in die straat sou kon hardloop en aldus in botsing met bv 'n fiets of 'n motorfiets sou kon kom.

Gevolglik het daar 'n plig op die respondent gerus om deur die neem van redelike voorsorgmaatreëls teen so 'n gebeurlikheid te waak.

Wat die gehalte van die getuies betref, is opgemerk dat sommige van hulle in sekere opsigte nie bevredigende getuienis gegee het nie, maar dat niemand se getuienis in die geheel verwerp kon word nie. Die hof kon egter nie die appellant se weergawe van mededelings wat mev Karsten kort na die botsing sou gemaak het - en waarop ek later terugkom - aanvaar nie. En hoewel die respondent nie die bewoording van bogenoemde brief bevredigend kon verduidelik nie, was die hof nie bereid om op grond daarvan sy en sy vrou se getuienis oor die funksionering van die hek te verwerp nie.

Ten slotte het die verhoorhof bevind dat die respondent wel redelike stappe getref het om toe te sien dat die bulhond in die agterplaas van no 8

ingeperk word, en dat die feit dat die hond ontsnap en die botsing veroorsaak het dus nie aan nalatigheid aan sy kant gewyt kon word nie.

Die volle hof was bereid om te veronderstel dat die hek nie behoorlik kon toemaak nie. In hierdie veronderstelling is egter bevind dat in die afwesigheid van besondere omstandighede - wat in casu nie bestaan het nie - 'n eienaar of beheerder van 'n hond nie aanspreeklik is nie indien hy die hond toelaat om tot in 'n straat te beweeg en aldus skade soos op die onderhawige wyse te veroorsaak. In besonder is bevind dat 'n obiter dictum van Kotze AR in O'Callaghan NO v Chaplin 1927 AD 310 te wyd geformuleer was.

In daardie saak, waarin beslis moes word of die actio de pauperie hier te lande geresipieer is, het Kotze AR in sy aparte uitspraak op p 368 die volgende gesê:

"An owner of a dog, who allows it to stray into a public street, contrary to the principle of the edict, is considered to be guilty of negligence. Such was the opinion of this Court in Robertson v Boyce (1912, A.D. 367). ..... I think it may be taken as matter of common knowledge that the majority of dogs have a propensity to rush at, and often to obstruct, a motor car, and especially a motor cycle, when going along the street, thereby not infrequently causing a collision and injury to the cyclist. This in itself is a menace and danger to personal safety, as well as calculated to damage the machine. It is not essential, in order to fasten a defendant with liability for mischief of this kind, that his dog should attack the motorist personally. Nor, as we have seen, is it necessary that, before an owner can be made liable, knowledge on his part of the tendency of his dog to rush at passing machines must first be established. Take the case of a dog straying at night into the street, and going to sleep in the road; a motorist on his cycle, without any fault on his part, runs over the dog with the consequence that he loses his balance and is injured. Here there can be no doubt whatever that the owner of the dog will be liable, for it is his plain duty to keep his dog from being at large in the public street."

In Robertson v Boyce 1912 AD 367, waarop

Kotze AR gesteun het, het die eiser sy motorfiets teen 'n spoed van 20 myl per uur in 'n straat in Johannesburg bestuur. Die verweerder se skaaphond het oor die straat gehardloop en die motorfiets het daarmee gebots. In 'n geding waarin die eiser getrag het om skade wat hy as gevolg van die botsing gely het van die verweerder te verhaal, was daar getuienis dat die hond geneig was om motorfietse te jaag, maar is nie bewys dat die verweerder daarvan bewus was nie.

Die vyf lede van hierdie hof het op appèl uiteenlopende uitsprake gegee. Lord de Villiers HR het bevind dat beide partye oorsaaklik nalatig was. Hy het nie saamgestem met die siening van die hof <u>a quo</u> dat die verweerder geensins nalatig was deur sy hond toe te laat om in die omgewing van die straat rond te loop nie, en het in hierdie verband die volgende gesê (op pp 371-2):

> "The animal had been in the habit of rushing at and in front of bicycles, and although the defendant may not have known of this habit of this particular dog he must have been aware of the natural propensity of dogs generally, whether big or small, to run after and in front of rapidly-moving objects. It is a propensity which does not necessarily prove a vicious disposition, but it may be productive of as much mischief as the disposition to bite, which is supposed to be inherent in all dogs."

Innes AR was van mening dat die verweerder wel aanspreeklik was omdat die hond in werklikheid die eiser aangeval het. Hy het hom dus nie oor die kwessie van nalatigheid van die verweerder uitgelaat nie.

Solomon AR het nie bogenoemde mening gedeel nie en het ook van die siening van die Hoofregter verskil. Sy benadering blyk uit die volgende passasie (op pp 379-80):

> "In the absence ... of proof of actual knowledge on the part of the defendant, we are asked to say that there is a natural propensity on the part of dogs to rush at

and in front of a moving object like a motor-cycle, and that the owner of every dog is therefore guilty of negligence in allowing it to be in a public street, seeing that it may at any time indulge in this mischievous propensity. ... I am not disposed to extend liability of owners of dogs further than has been already done, or to hold that, because some dogs bark at and rush before rapidly-moving objects, this is a natural mischievous propensity on the part of dogs generally. When a dog behaves in that way, it is not necessarily because he is an animal ferae naturae, or because he is indulging in any ferocious propensity. It is a mischievous habit of some of the mildest tempered of dogs, and one in which by no means all fierce dogs indulge. To lay down, therefore, that every owner of a dog is in law presumed to know that this is a propensity on the part of dogs generally, and that it is his duty to guard against it by keeping his dog under proper control, is to go further than I am prepared to do. In my opinion, it is necessary in these cases to prove actual knowledge on the part of the owner before he can be held liable in such circumstances ..."

Maasdorp RP se kort uitspraak is, met eerbied, nie duidelik nie, maar dit kom voor dat hy in hoofsaak die siening van Solomon AR gedeel het.

In sy uitspraak het De Villiers RP in wese met Innes AR saamgestem en dit derhalwe nie nodig gevind om te beslis of die verweerder aanspreeklik sou gewees het indien die skaaphond nie as't ware die eiser of sy fiets aangeval het nie.

Uit bostaande blyk dat, behalwe in die uitspraak van Lord de Villiers HR, geen steun te vind is nie vir die reeds aangehaalde dictum van Kotze AR in Chaplin. Volgens daardie dictum word blykbaar 'n bykans absolute aanspreeklikheid toegeskryf aan 'n eienaar wat toelaat dat sy hond in 'n straat afdwaal en sodoende skade aan persone soos 'n motorfiets- of fietsryer berokken.

In Double v Delport 1949 (2) SA 621 (N), is tereg daarop gewys dat Kotze AR se beroep op Robertson nie geregverdig was nie. Ter sprake was 'n geval waarin 'n hond in 'n straat van Pietermaritzburg blykbaar op 'n fietsryer - die eiser - afgestorm het.

Dit het veroorsaak dat die eiser geval en beserings opgedoen het. In die landdroshof is bevind dat nie bewys was dat die eienaar van die hond - die verweerder - nalatig was deur die hond toe te laat om in die straat te beweeg nie, en wel omdat die hond baie mak was en nie in die verlede 'n neiging geopenbaar het om fietse te jaag nie. In die lig van hierdie bevinding het die Natalse hof gekonkludeer dat nalatigheid aan die kant van die verweerder nie bewys was nie.

Die volle hof in ons geval het saamgestem met die implisiete bevinding van die Natalse hof dat 'n blote versuim van die eienaar (of beheerder) van 'n hond om toe te sien dat dit nie in 'n straat afdwaal, nie nalatigheid daarstel nie. Soos reeds aangedui, het eersgenoemde hof inderdaad verder gegaan en beslis dat in die afwesigheid van besondere omstandighede so 'n versuim nie tot aanspreeklikheid...

van die eienaar kan lei nie. Presies welke omstandighede die hof in die oog gehad het, is nie uitgestippel nie. Vroeër in die uitspraak is egter die volgende gesê:

> "It must be stated at the outset that there are no special circumstances in the present case which might impose on respondent a greater duty of care than on the ordinary dog owner. The scene of the accident was in a residential area of a country town. There is no suggestion that traffic conditions were such that dog owners in that area should take any special precautions. Nor was the dog one that required to be confined in any way. It was, as already stated, a puppy, which respondent had obtained exactly a month before the accident. There was no history of it chasing cars or cycles, or running into the road, or other conduct which might require a diligens paterfamilias to guard against possible injury to others. We are dealing here with an ordinary dog kept as a pet in an ordinary household in an ordinary residential area."

In 'n geval soos die onderhawige het 'n mens nie met 'n regsprobleem te doen nie. Die reëls wat toegepas moet word, is geyk. Die eerste vraag is

of die eienaar (of beheerder) van die hond redelikerwyse behoort te voorsien dat dit oor of in 'n straat of pad kan hardloop en sodoende skade aan bv 'n fiets- of motorfietsryer kan veroorsaak. Volgens menslike ervaring is daar honde wat sodanige ryers aanval of probeer aanval en ander wat hulle slegs jaag. Baie honde het egter die neiging om oor 'n straat te hardloop, hetsy omdat hulle 'n kat jaag, hetsy om by ander honde aan die oorkant van die straat aan te sluit, hetsy omdat hulle van ander aanvallende honde wil wegkom, hetsy om 'n ander rede. Sodoende kan hulle lig 'n gevaar vir gebruikers van die straat skep. Ek meen dus dat die benadering van die volle hof te rigied is. Trouens, in die reël sal 'n redelike eienaar juis voorsien dat indien sy hond vryelik kan beweeg dit op bogenoemde wyse skade kan aanrig. Klaarblyklik sal dit nie die geval wees nie indien byvoorbeeld die hond te jonk, of te oud, of te

bekwaald of genoegsaam gedissiplineerd is. Die begriplike moontlikheid dat so 'n hond nogtans oor 'n straat kan hardloop, kan weliswaar nog bestaan, maar sou so gering wees dat die redelike eienaar dit buite rekening sou laat. Die blote feit dat sy hond nog nie sulks opgetree het nie sou egter nie die hipotetiese eienaar gerus stel nie, want daar kan altyd 'n eerste keer wees.

In casu was die bulhond ('n tefie) nog jonk. Die respondent en sy vrou het getuig dat sy nog onvas op haar pote was, maar die verhoorhof het getuienis dat die hond redelik vinnig oor die straat gehardloop het, en na die botsing oor 'n muur gespring het, aanvaar. Ek is dus bereid om te veronderstel dat die respondent die moontlikheid moes voorsien het dat, in die afwesigheid van voorsorgmaatreëls soos inperking van die hond in sy agterplaas, die tefie buite die erf van no 8 kon beland,

oor die straat kon hardloop, en sodoende skade kon aanrig deur met 'n fiets of 'n ander ryding te bots. In breë trekke is dit juis wat die respondent wel voorsien het. Een van die vernaamste redes waarom hy die hond ingeperk gehou het, sê hy, was om te verhoed dat sy in die straat verongeluk.

Die volgende vraag is of die respondent redelike stappe geneem het om teen bostaande moontlikheid te waak. By die verhoor van die appèl in hierdie hof was dit tereg gemene saak dat indien die hek wel kon sluit en in die reël gesluit gehou was soos die respondent en sy vrou getuig het, hy wel die nodige voorsorg getref het. Die appellant se advokaat het egter betoog dat hulle ongeloofwaardige getuies was.

In eerste instansie is aangevoer dat mev Karsten aanvanklik die indruk probeer skep het dat dit nie die bulhond was wat by die ongeluk betrokke

was nie. Hierdie kritiek is egter nie gegrond nie. Haar houding was bloot dat sy nie die botsing waargeneem het nie en dat omdat beide toe sy die huis verlaat het en by haar terugkeer albei hul honde in die agterplaas was en die hek toe was, sy nie kon erken dat dit wel die bulhond was wat met die motorfiets gebots het nie.

Tweedens is betoog dat beide die respondent en sy vrou opsetlik 'n misleidende prentjie van 'n pap en ongekoördineerde jong hondjie probeer skilder het. Die kritiek op die optowering van daardie prentjie - veral deur mev Karsten - is tot 'n mate gegrond, maar ek sou aarsel om op grond van hul oordrywing van die hond se onstewigheid en onbehendigheid hul getuienis oor die toestand van die hek te verwerp.

Die belangrikste punt van kritiek hou verband met die reedsgenoemde brief wat die

respondent die dag na die ongeluk geskryf het. Daardie brief skep ongetwyfeld die indruk dat die hekke langs die huis nie behoorlik kon toemaak nie en is dus, aldus die appellant se advokaat, heeltemal onvereenselwigbaar met die respondent en sy vrou se getuienis aangaande die toestand van die hek tussen die twee mure wat voorheen deur my beskryf is.

Die respondent se poging om die inhoud van die brief te verduidelik was nie oortuigend nie. Hy het gesê dat toe hy geskryf het van hekke wat 'n gevaar vir sy kinders ingehou het, hy bedoel het om te verwys na die hekke voor die inrit na die motorhuis. Hierdie hekke kan egter klaarblyklik nie as "hekke langsaan die huis" beskryf word nie. En indien 'n hek of hekke langs die huis nie behoorlik kon toemaak nie, bestaan daar twyfel oor die wyse waarop die hek tussen die twee mure volgens die respondent en sy vrou toegehou is.

Dit is egter nodig om ook die volgende in ag te neem:

(1) In die brief word melding gemaak van hekke - die meervoud dus - langs die huis. Daar was wel vroeër 'n hek in 'n heining tussen die noordekant van die huis en die heining van 'n aangrensende erf, maar, soos reeds gemeld, is die hele stuk heining voor die botsing op so 'n wyse herspan dat daardie hek nie meer oop kon maak nie. Die verhoorhof het dus tereg bevind dat indien die respondent beoog het om na die hek tussen die twee mure te verwys; hy die brief in elk geval onakkuraat bewoord het deur die meervoud te gebruik.

(2) Die verhoorhof het ook tereg daarop gewys dat die Karstens se seuntjie nie met veiligheid in die agterplaas gelaat sou kon word nie indien die hek tussen die twee mure (hierna weer bloot die hek genoem) nie kon toemaak nie. Indien dit die geval

was, sou 'n mens dus verwag het dat die respondent - wat 'n ambagsman was - wel iets sou prakseer het om te keer dat die seuntjie by die hek uitgaan.

(3) Net soos die verhoorhof vind ek dit moeilik om te aanvaar dat die Karstens hul getuienis oor die gebruik van die koord uit die duim gesuig het. Volgens hulle kon die bulhond nie die hek oopstamp indien die ring oor die spyker was nie, en was dit dus onnodig om verdere voorsorgmaatreëls te tref om die hond ingeperk te hou. Dit was gevolglik onnodig om die aanwending van die koord te versin. En hul weergawe dat van die koord gebruik gemaak is nadat die seuntjie aan die ring begin raak het, en slegs om hom te beveilig, klink waar.

(4) Die respondent het bykans drie jaar na die ongeluk getuig en moes toe 'n rekonstruksie gee van sy kennis en oogmerk tydens die skrywe van die brief. Vanweë die klem wat hy op die veiligheid

van sy kinders laat val het, is dit vir my nie onaanneemlik nie dat hy wou verwys na die hek wat moontlik deur sy seuntjie oopgemaak sou kon word tensy van die koord gebruik gemaak was, en welke voorsorgmaatreël volgens sy afleiding die vorige dag om een of ander rede nie afdoende was om die hek toe te hou nie.

Die appellant se advokaat het ten slotte gesteun op opmerkings wat mev Karsten kort na die ongeluk sou gemaak het. Die appellant sê dat hy haar in die huis van no 7 aangetref het. Hy het haar gevra of sy bewus was dat sy seun met haar hond gebots het. Sy het geantwoord "ja, die hond moes seker weer agter my aangekom het". Later die middag was hy by mev Karsten in haar huis en het sy gesê dat die respondent "al 'n geruime tyd sukkel met die Spoorweë om die hekke toe te maak".

By die verhoor het die respondent se

advokaat aanvaar dat hierdie getuienis teen die respondent toelaatbaar was en ek veronderstel ten gunste van die appellant dat dit wel die geval was.

Mev Karsten het hierdie relase betwis. Sy sê dat toe die respondent by no 7 aangekom het hy op haar begin skreeu het. Nadat hy gesê het dat hy haar verantwoordelik sou hou omdat die bulhond weens haar nalatigheid die botsing veroorsaak het, het sy hom versoek om nie op haar te skel nie en gesê dat hy met die respondent in verbinding moes tree. Die appellant het toe uit die huis gestap. Op daardie stadium, aldus haar getuienis, was sy nie eens bewus dat 'n hond by die botsing betrokke was nie. Later het die appellant na haar huis gekom en verskoning vir sy vorige optrede gevra. Sy het gevra waarom die polisie nog nie 'n verklaring van haar kom neem het nie, en hy het toe weer kwaad geword en gesê dat hy 'n aksie teen haar sou instel. Gedurende die kort

gesprek is slegs van die hekke voor die oprit na die motorhuis melding gemaak. Hy het gesê dat daardie hekke oop was. Sy het dit beaam, gemeld dat hulle nie kon toemaak nie en bygevoeg dat die Spoorweë gevra sou word om die hekke reg te maak.

Die verhoorhof was nie bereid om mev Karsten se bostaande getuienis te verwerp nie. Inteendeel is bevind dat die appellant as gevolg van die beserings wat Lotie opgedoen het waarskynlik ontsteld en ontstoke was, en derhalwe aggressief teenoor mev Karsten kon opgetree het. Ek hoef slegs te sê dat die waarskynlikhede nie tot so 'n mate die appellant se weergawes van die inhoud van die gesprekke begunstig dat ek oortuig is dat die verhoorhof verkeerdelik nie daardie weergawes aanvaar het nie.

Die vraag bly egter hoe die bulhond by no 7 beland het. In die veronderstelling dat die hek wel

kon toemaak, is daar die volgende moontlikhede:

(a) Mev Karsten - of moontlik haar dogter - het op een of ander stadium die hek oopgemaak en vergeet om dit weer toe te maak. Hierdie moontlikheid druis natuurlik in teen mev Karsten se getuienis wat egter selfbeskermend sou wou getuig het.

(b) Die bediende kon die hek oopgelaat het toe sy die toilet wou gebruik, en na die botsing en die terugkeer van die bulhond weer die hek toegemaak het. Met die oog op die kort tydsverloop tussen haar gepostuleerde oopmaak en toemaak van die hek kan hierdie moontlikheid egter nie sterk aangeslaan word nie.

(c) Mev Karsten kon die betrokke middag vergeet het om die agterdeur en die veiligheidshek toe te maak sodat die bulhond by die voordeur uit haar en haar kinders na no 7 kon gevolg het.

(d) Voor hulle vertrek kon die bulhond ongesiens die *huis binnegekom* het en daarna soos voornoemd by die voordeur uitgegaan het.

Slegs nalatigheid aan die kant van die respondent - in teenstelling tot sy vrou, sy kind of die bediende - is ter sprake, en na opweging van al bogenoemde faktore kan ek nie bevind dat sodanige nalatigheid bewys is nie.

Dit word geboekstaaf dat by die verhoor van die appèl die appellant se aansoeke om kondonasie van die nie-tydige aantekening van appèl na hierdie hof asook van die laat liassering van 'n prokurasie toegestaan is, en dat die appellant gelas is om die koste meegebring deur daardie aansoeke te betaal.

Die appèl word met koste afgewys.

H J O VAN HEERDEN AR

HEFER AR

KUMLEBEN AR STEM SAAM

EKSTEEN AR

119A/93

CG SAAKNOMMER: 160/92

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPèLAFDELING)**

In die saak van:

**CHRISTOFFEL JACOBUS DEYSEL** Appellant

en

**GIDEON JACOBUS KARSTEN** Respondent

CORAM: **VAN HEERDEN, HEFER, KUMLEBEN, EKSTEEN et VAN DEN HEEVER ARR**

AANGEHOOR: **31 AUGUSTUS 1993**

GELEWER: **14 SEPTEMBER 1993**

---

**U I T S P R A A K**

**VAN DEN HEEVER AR**

Ek wil met eerbied my distansieer van enige stelling dat dit <u>in die reël</u> voorsienbaar is dat 'n hond, sou hy oor die straat hardloop, skade aan ander kan berokken. Soos by elke gevolgtrekking gegrond op feite, moet daardie gevolgtrekking steeds afhang van al die tersaaklike omstandighede, soos byvoorbeeld die soort en aard van die hond, en die soort en aard van die betrokke omgewing wat insluit die soort van verkeer wat gewoonlik daar beweeg. Respondent het ook nie voorsien dat sy hond skade aan ander kan berokken sou dit op straat getref word nie, maar (wat na my mening eerder in die reël voorsienbaar sou wees, indien enigsins van 'n reël gewag gemaak moet word) dat hy self skade sou ly deurdat die hond beseer of gedood sou word.

Ek stem egter saam, sou aanvaar word dat daar 'n plig op respondent gerus het om sy hond tuis te hou, dat nie bewys is dat hy nie redelike voorsorgmaatreëls getref het om dit te doen of self nalatig was nie, en gevolglik met die bevel van my kollega.

L VAN DEN HEEVER AR